

TEMA: Van trane na lag

Psalms as 'n gids vir groei:

- Lofpsalms
- Dankpsalms
- Wysheidpsalms
- Skeppingspsalms
- Klaagliede
- Pelgrimspsalms

1. Psalms van oriëntasie.

Hierdie psalms reflekteer tye wanneer die lewe stabiel en betroubaar is, soos dit moet wees. Hulle vier die getrouheid van God en 'n goed geordende lewe.

“Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.”

Psalm 1:1-3 (AFR83)

2. Psalms van disoriëntasie.

Hierdie psalms verteenwoordig tye van lyding, onregverdigheid en die gevoel dat God afwesig is.

“Hoe lank gaan U my nog bly vergeet, Here? Vir altyd? Hoe lank gaan U nog van my af weg kyk? Hoe lank moet ek nog my eie planne maak en my dae met kommer deurbring? Hoe lank sal die vyand my nog oorheers? Luister tog en antwoord my, Here my God! Gee my tog nuwe lewenskrag. Ek wil nie sterwe nie, anders sê my vyand hy het my oorwin en juig my verdrukkers oor my ondergang.”

Psalm 13:2-5 (AFR83)

“Maar Here, ek bid ernstig dat U my moet help. Ek begin al vroeg in die môre bid. Here, waarom stoot U my weg? Waarom help U my nie? Waarom kyk U weg? Van jongs af kry ek al swaar. U maak my aanhoudend bang. Ek weet nie meer wat om te doen nie. U het met u woede op my afgekom. Dit maak my baie bang. U vernietig my lewe. Dit voel of my kop onder die water gedruk word. My moeilikheid omsingel my. U laat almal wat vir my omgee, die rug vir my keer. Hulle gaan staan ver weg van my. My enigste geselskap is die donker skaduwees van die dood.”

Psalm 88:14-19 (DB)

“Skipping disorientation creates a polite but shallow faith.”

Walter Brueggemann

3. *Psalms van nuwe oriëntasie.*

Dit verteenwoordig 'n verrassende ingryping van God. Dit reflekteer 'n lewe wat deur die vuur is en aan die ander kant met 'n nuwe en dieper verstaan van God uitkom.

Verander tog ons lot, Here!

“'n Pelgrimslied. Toe die Here die lot van Sion verander het, was dit vir ons soos 'n droom. Ons het gelag en gesing. Onder die nasies het hulle gesê: “Die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen.” Die Here hét groot dinge aan ons gedoen; ons was bly. Verander tog ook nou ons lot, Here, soos U droë spruite in die Suidland in waterstrome verander. Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring. Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra.”

Psalm 126:1-6 (AFR83)

- **Vers 1-3**

Getuigenis van 'n **uitkoms** wat die Here gegee het.

- **Vers 4**

Gebed oor 'n **benoudheid** waarin hy verkeer.

- **Vers 5-6**

'n **Ontdekking** wat gemaak is deur die pelgrim.